Augustus 2010

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

<u>Die volgende van Anton Jansen</u>
Baie dankie vir Julie se Nuusbrief, weereens propvol met belangrike inligting, veral Anton van Vollenhoven se navorsing oor die watervore in Pretoria is puik.

<u>Watervore</u>
Vyf jaar gelede toe die Stadsraad in Van der Waltstraat sypaadjies voor Burgerspark Hotel vervang het het ek die ou leivore gesien. My versoek om ‘n stukkie van die voor te bewaar soos wat dit voor die Staatsteater in Kerkstraat gedoen is het op dowe ore geval.

Op die suid-oos hoek van Bosman- en Boomstrate is ‘n mangat en daaronder is ook nog van die vore sigbaar. ‘n Ingenieur van die Raad het my vertel dat baie van die oorspronklike vore nog gebruik word om oortollige stormwater weg te lei.

<u>Swastika</u>
Oor Ria David se vraag oor die swastika op die Pretoria-stasie se toring die volgende.

Herbert Baker se oorspronklike tekening toon ‘n fyn gedetailleerde sandsteen-ontwerp rondom die horlosieplaat. Om een of ander rede is dit nie uitgevoer nie en ‘n eenvoudige swastika is in sandsteen aangebring.

‘n Swastika is ‘n antieke diagrammatiese voorstelling van die son wat in baie kulture in verskillende vorms voorkom. Dit het ook verskillende betekenisse soos tyd, voorspoed en herlewing, en was ‘n simbool wat in die Griekse en Romeinse kulture voorgekom het.

Baker het baie gebruik gemaak van die simboliek in sy ontwerpe; kyk maar na die Uniegebou met sy Atlas en Phoenix, om maar net ‘n paar te noem.

Na die groot brand van 20 Februarie 2001 kon ek op die stasie se steiers klim en ‘n foto van die swastika neem.



Pretoria-stasie se swastika



Romeinse mosaïekpaneel, Kourion, Ciprus
P Lewis, *Dictionary of Ornament*, 1986

Groete,
Anton Jansen

Die volgende van Ds. Johann de Bruyn

HAKEKRUIS of SWASTIKA

Die hakekruis is deur alle eeue heen deur mense van allerlei oortuigings ingespan om 'n wye verskeidenheid van betekenisse uit te dra. Die hakekruis word al aangetref sedert 2000 v.C. – in Asië, Europa, Amerika en Afrika. Heel vroeg in die Boeddhisme was dit beskou as gelukbringerteken. Swastika beteken in Sanskrit juis geluk, voorspoed, seën.

Dit was 1935-1945 dié teken van die Nazi's in Duitsland, maar vroeër het ook die Jode hierdie teken as versiering gebruik!

Die swastika het egter ook 'n Christelike geskiedenis. Die Christene het die teken oorgeneem en met nuwe betekenis gevul: genoem die gamma-kruis (elke been van die swastika lyk soos die Griekse letter gamma). Die heidene het die hakekruis as teken van die son gebruik en gevolglik het die Christene gesê ons God is hierdie son! Ook was dit vir die vroeë Christene net 'n ander vorm van die kruis van Christus. Dikwels is dit op grafstene aangebring deur Christene.

(Bron: Simbole - veilig of gevaarlik? 'n Gids tot Christelike simbole en tekens, Hennie Stander, 2000.)

Hier is 'n navraag van Hettie Solms. Kan iemand miskien help?

Rosa,

Eerstens baie dankie vir jou briewe.

Tweedens, ek het 'n navraag gekry oor die Rebellie van 1914. Hy praat van die Slag van Silverton. Daar was twee Barnard-broers betrokke.
Weet jy daar iets van?

Groete, Hettie Solms.

Die Rebellie van 1914

Op bladsy 106 in Pretoriana nr. 81 van Julie 1981 is die volgende paragraaf:

"By geleentheid van die oorhandiging van die ou deure van die historiese Potgieterstaat Tronk het die Departement van Gevangeniswese goedgunstiglik die name en besonderhede van al die persone wat tydens die 1914 Rebellie aangehou was in die land se verskillende tronke aan die Genootskap Oud-Pretoria vir publikasie vrygestel. Hier volg die volledige lys. Met dank. Hierdie was werklike rebelle wat gevangegeneem was. 'n Verdere lys van persone wat onder krygswet aangehou was, maar nie werklike rebelle was nie, volg in die volgende uitgawe."

Die lys is ongelukkig nie in die volgende uitgawe van die Pretoriana gepubliseer nie. Weet iemand miskien waar ek die lys kan opspoor? Rosa Swanepoel

---------------------------------------------------------------------

Ek was twee weke gelede by die ou begraafplaas in Kerkstraat. Alles is baie rustig, netjies en goed versorg. Net jammer dat soveel van die grafte onherstelbaar beskadig is deur vandale en diewe wat metaal steel.

<u>Eensame graffie in die ou begraafplaas, maar haar naam leef voort</u>
My Ouma [1897 – 1990] was gedoop Maud Zeiler. Sy is vernoem na haar tante Maud Isabel Skinner [1875 – 1958], dogter van William Skinner. Volgens familie-oorlewering is die naam Isabel weggelaat omdat dit nie ‘n familienaam was nie.

Toe hul 5de dogter op 23 Junie 1875 gebore is het William en Debora Skinner glo besluit om haar Lilly Maud Skinner te doop, maar William was bang dat sy, soos baie van die Skinners, rooi hare en sproete sou hê wat nie by die naam Lilly pas nie. Hy het die name toe opgegee as Maud Isabel. Sy vrou was glo gladnie gelukkig toe sy voor die preekstoel die name hoor nie maar gedane sake het geen keer. Terloops, Maud Isabel het toe rooi hare en sproete gehad.

Ek het altyd gedink dat dit maar net ‘n mooi familiestorie is totdat ek die volgende berig in ‘n ou koerant opgespoor het. Lilly Maud Haybittle is op 17 Augustus 1875 in Pretoria oorlede. Sy was die dogter van Willliam en Mary Anne Haybittle. Die berig is ingestuur deur William Skinner en hy vra dat die familie en vriende oorsee ook in kennis gestel word [V – 21/08/1875].

Dit is met groot opgewondenheid maar ook hartseer dat ek die volgende eensame graffie in die ou begraafplaas ontdek het.



LILLY MAUD
THE BELOVED DAUGHTER OF
WILLIAM AND MARY ANNE HAYBITTLE
WHO DIED AT PRETORIA 17^TH AUG^ST 1875
AGED 1 YEAR & 1 MONTH

This lovely bud, so young and fair
Called hence by early doom
Just came to show how sweet a flower
In Paradise could bloom

Volgens my kaart van die begraafplaas is die graf in die "Church of England Portion". Dus kan ons aanneem dat haar ouers Engels was. Van waar hulle gekom het en hoe lank hulle in Pretoria woonagtig was kon ek nie bepaal nie. En die familieverbintenis is ook onseker.

Alhoewel die spelling baie verskil [Maude, Maudie en Maudi] is daar vandag nog 'n hele paar familielede met die naam, een in Pretoria, twee in Australië en drie in Botswana.

<u>Agtergrondstudie van die Haybittle-gesin</u>
Die volgende is berigte wat in Die Volksstem verskyn het.

<u>1875-08-21</u> Lilly Maud Haybittle, dogter van Wm. & Mary Anne oorlede.

<u>1878-01-01</u> T.W. Beckett stel 'n eis teen W.F. Haybittle in vir agterstallige skuld.

<u>1878-01-08</u> F. Haybittle word aangestel as lid van die jurie in die saak teen Bell.

<u>1878-01-15</u> T.W. Beckett maak nou 'n saak teen Haybittle en sy meubels word op 'n veiling verkoop.

<u>1878-02-26</u> Erf P-11 met 'n huis op wat aan William Frederick Haybittle behoort gaan verkoop word.

[Die erf is in Pretoriusstraat tussen Prinsloo- en Du Toitstrate]

<u>1880-01-09</u> Haybittle is nou terug in Kaapstad na sy besoek aan Walvisbaai.

[Hy was blykbaar op daardie tydstip 'n togryer wat negosieware in Walvisbaai omgewing verkoop het]

<u>1880-01-13</u> Die skip De Louis Zondag het van Walvisbaai aangekom met William Haybittle en 9 afdwalers van die trekboer-geselskap gevind in die Omaruru. Haybittle ontmoet die trekboere bokant Sesfontein, twee dae ten suide van die Cunene, in ellendige toestand. Dit neem hulle 21 dae om by Walvisbaai uit te kom.

<u>1880-10-05</u> W. Haybittle nomineer I.J. Lithauer in die Munisipale verkiesing, Wyk 3.

<u>1882-02-04</u> Trooper Haybittle kan sy medalje gaan afhaal by die Britse Resident.

[Hy het dus aan die kant van die Engelse geveg tydens die Boere-oorlog]

1882-05-17 W. Haybittle bied ‘n beloning van £2 aan vir inligting oor sy verlore perd.

1883-01-20 Daar was ‘n inbraak by McIntire se bakkery naby die Volksstem-kantoor, waar £120 gesteel is. Daar is £40 gesteel by huis van T. de Pradines. Hoofkonstabel Haybittle het die dief gevang.

1883-06-02 Richard Charles Haybittle [5j 6d] oorlede. Hy was die seun van William Frederick en Mary Ann Haybittle. Dank aan die Landdros van Pta, aan mnr. J.W. Jones en ook mnr. Crole vir bystand.

[Moontlik spoor iemand nog eendag dié graf ook op]

1883-06-02 Mnr. Haybittle, die Hoofkonstabel, sal bandiete en ‘n skotskar gebruik om strate van Pretoria skoon te maak.

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel

---------------------------------------------------------------------

Navraag van Anton Jansen

In die Fonteinedal was daar twee historiese pompstasies, een het water na Fort Klapperkop en waarskynlik na Fort Schanskop gepomp, en die ander is die sogenaamde Britse pomphuis wat water na Robertshoogte / Voortrekkerhoogte / Thaba Tshwane gepomp het. Watter tipe pompe is gebruik, hoe was hulle aangedryf, en kon die pompe in een keer die water oor die afstand en die hoogte pomp?
Groete
Anton Jansen
S 083 653 0982
Posbus 33704
GLENSTANTIA
0010

